



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 33 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die **opstelvraag** en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel:* As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepeenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die memorandum is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae:* As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.
11. Moenie woorde nasien nie, sien betekenis na.

AFDELING A: GEDIGTE**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL – “besoekersboek”**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Elke mens het 'n behoefte om iets van hulself op aarde na te laat**, want hul wil onthou word vir die bydrae wat hul gelewer het./Bv. r.2: *(of liever: íngekráp)*
- **Die mens wil die tydelikheid van hul aardse besoek verewig aangesien** hul besef dat hul net tydelike besoekers op aarde is./Bv. r.1: *op die sel se mure het iemand uitgekráp*
- **Die gedig maak dit duidelik dat die mens 'n sigbare merk wil maak – in watter vorm ook al** – dat hul hier was om die metaforiese besoekersboek van die lewe te teken./Bv. r.2: *sy naam en al die dae*
- **Die mens wil dus bly voortleef en onsterflik raak** sodat hul seker is hul aardse pogings was nie verniet nie./Bv. r.14: *ek was hier en hier het ek geslaap.*
- **Die titel maak dit duidelik dat die mens slegs 'n gas is wat die aarde besoek** aangesien die mens sterflik is en nie vir ewig op aarde kan leef nie./Bv. titel *besoekersboek*
- **Reeds in die titel word daar 'n besoek afgelê**, want jy besoek 'n plek indien jy 'n besoekersboek het./Bv. titel *besoekersboek*
- **'n Verskeidenheid van plekke kom deurentyd in die gedig na vore**, want duikweë, stasies en brûe dui op plekke waar mense beweeg wanneer daar gereis word./Bv. r.4: *deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae*
- **Die spreker het Egipte besoek** en die verwysing na hiërogliewe is bewys daarvan./Bv. r.9: *ek loer na hiërogliewe*
- **Die spreker het ook 'n boer se plaas besoek** waar santekeninge voorkom./Bv. r.10: *waar jagtonele oorgebly het teen die krans*
- **Die Gideonsbybel dui verder op reis aangesien** dié Bybels in hotelle aangetref word en dit 'n plek is waar reisigers oorslaap./Bv. r.11: *vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys*
- **Die figuurlike reis van die mens na die aarde bly sentraal staan** in die lees en die verstaan van hierdie gedig./Bv. r.14: *ek was hier en hier het ek geslaap*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[10]

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – “n vigslyer sterf”

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Die a-klank in versreël 1 versterk <i>takelwerk</i> en <i>afgetakel</i> ./ Die o-klank in versreël 2 versterk <i>hom ontplof</i> ./ <i>stort</i> en <i>word</i> in versreël 3 en 4 word deur die o-klank/rym beklemtoon. √√	2
2.2	Metafoor / Vergelyking √ Die vel word vergelyk met 'n dun seil. √ Die bene is brose stokke omdat dit dun is/lyk of dit maklik kan breek./ Net soos die stokke sigbaar is deur die dun seil, net so is die bene (geraamte) deur die dun vel sigbaar. √	1 1 1
2.3	somber / hartseer / ontnugtering √	1
2.4	2.4.1 Dit beklemtoon dat iets so lig soos die <i>gewig van lug</i> die rede is waarom die vigslyer nie sy hande kan ophang nie./ Die gewig van lug word doelbewus oordryf om die hartseer/skokkende werklikheid van die situasie aan die leser te wys./Dit is funksioneel omdat dit absoluut oordryf hóé swak die vigslyer is./ Dit beklemtoon hoe moeg en uitgeput die vigslyer deur hierdie siekte is. √	1
	2.4.2 Enjambement / korter versreëls / eenlettergrepige woorde √	1
2.5	Die boodskap handel oor die fisiese pyn, verwyte, oordeel en vrae wat die pasiënt en familie ervaar. √ <i>Groot hartseer en emosionele skade word deur hierdie siekte meegebring</i> en die oë soek na hulp/raad./ <i>Die siekte veroorsaak geweldige fisiese pyn</i> en die slotstrofe beklemtoon dat die vigslyer graag sonder pyn wil sterf./ <i>Die siekte bring oordeel en verwyte</i> en die spreker vra genade vir sy situasie./ <i>Die siekte bring baie vrae en onsekerheid vir die lyer en sy naastes</i> en daarom probeer hy verstaan waarom hy so moet sterf/sy naastes probeer verstaan hoekom dit die lyer se lot moet wees. / Aan die einde het hy die genade ontvang om te verstaan, daarom bevraagteken hy nie meer sy lot nie. √ <i>Die kandidaat moet die boodskap noem vir EEN punt en die aansluiting van die betekenis/inhoud van die slotstrofe vir EEN punt.</i>	2
		[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – “oupa Thomas Daniel Granfield”

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Die spreker verwoord haar hartseer oor haar oupa se dood./ Dit gaan oor iemand se dood. ✓	1
3.2	Koeplet ✓ Die strofe beklemtoon dat die spreker uitgesluit is, toe die res van die familie by haar oupa se sterfbed was. ✓	1 1
3.3	Omdat hierdie strofe oor dié spreker se gevoelens handel, is die herhaling van <i>ek</i> gepas. ✓	1
3.4	Vergelyking ✓ Die spreker se ma se woorde het haar met vrees/spanning/angs gevul./ die ma se woorde is slegte nuus./Die spreker wou nie haar ma se woorde hoor nie – sy koes daarvoor. ✓	1 1
3.5	Dit skei die gedig in twee dele./ Dit dui daarop dat die eerste deel oor die oupa se sterfdag handel, terwyl die tweede deel die spreker se hartseer oor dié dag beskryf. ✓	1
3.6	Die spreker beklemtoon dat haar oupa 'n goeie man was, maar sy potensiaal is beperk./Die spreker meen dat haar oupa soveel meer kon wees as hy die geleentheid sou gehad het. ✓ Dit is goed dat besondere mense in ons lewens geëer word vir die mens wat hul was en die invloed wat hul op ons lewens gehad het./Elke mens is verantwoordelik vir sy eie geluk./Hoe jy dinge benader/verwerk bepaal jou geluk of ongeluk. ✓ Bv. Ek het in die gedig geleer dat ek moet besef dat hartsense soos my grootouers my liefde en aandag verdien./ek het besef hoe dankbaar ek is dat ek ook 'n wonderlike oupa in my lewe het. ✓ <i>Die kandidaat formuleer 'n gepaste tema en eie boodskap binne konteks van die gedig.</i>	1 1 1
		[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – “Die sagte sprong”

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Metafoor ✓ God se teenwoordigheid is sag, maar kragtig./ beweeg/roer 'n mens. ✓	1 1
4.2	Dit verwys na die spreker se mistieke belewing van God se teenwoordigheid. ✓	1
4.3	vreugde / stille verwondering ✓	1
4.4	Progressie vind plaas vanaf 'n intellektuele belewing tot 'n geestelike ervaring. ✓ Daar word aanvanklik na 'sy vasvat' verwys, maar wanneer die spreker 'n dieper belewenis van God ervaar, verander dit na 'u vasvat' wat haar diepste siel aanraak/tref. ✓ Aanvanklik vind 'n gesprek in die algemeen plaas en dan verpersoonlik dit. ✓	1 1 1
4.5	Die vraag is funksioneel, want die spreker tree nou in 'n direkte gesprek met God. ✓ Die spreker bevestig ook God se daadwerklike invloed in haar lewe. ✓	1 1
4.6	Wanneer 'n mens na aan God leef, vervul dit jou met 'n intense belewenis van Hom./ Die mens word met intense vreugde vervul wanneer hy/sy na aan God leef. ✓	1
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – “Fotodag”

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	'n Persoon wat terugdink aan sy/haar skoollewe./ 'n Persoon wat terugdink aan die fotodag destyds by die skool./ 'n Persoon wat na 'n skoolfoto kyk (en terugdink aan die fotodag). ✓	1
5.2	Daar is geen klasse nie/baie aankondigings./ Kinders trek tussen die skoolbanke aan./ Toksakke lê rond./ Kinders hardloop in die gange rond. ✓✓	2
5.3	Die fotonemery is net vir (valse) vertoon. ✓	1
5.4	Die strengheid/orde/dissipline word beklemtoon./ Dit beklemtoon dat die leerders nie 'n keuse ten opsigte van die dra van baadjies het nie. ✓	1
5.5	Die gedig het geen vaste rymskema nie./ Die gedig het geen vaste strofepbou nie. ✓✓	2
5.6	Soos die flits van die kamera tydens die fotodag, het die jare na skool vinnig verby gegaan (geflits). ✓	1
	Die spreker is negatief oor skool, want hy meen dit was nie 'regte' jare nie – die regte jare het eers na skool gekom. ✓	1
	Dit gaan moontlik nie (so) goed met die spreker nie, want hy kry skaam dat hul destyds so versekerd was – die implikasie is dat hy/hulle dus nie nou meer so selfversekerd is nie. ✓	1
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL – Die kwart-voor-sewe-lemie – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Iris is nie die tradisionele heldin wat in 'n liefdesverhaal aangetref word nie**, want as 'n onsekere karakter bly sy deurentyd op soek na 'n geleentheid om haar volle potensiaal te bereik.
- **Iris is nie 'n gewone, selfversekerde meisie nie**, maar voel eerder dat niemand na haar luister nie.
- **Iris is nie 'n entoesiastiese meisie wat opgewonde is oor haar doen en late nie**, want sy glo alles wat haar susters doen is opwindender en interessanter.
- **Iris se familie wil dink dat sy nie in mans belangstel nie** en sy smee haar ma om van Riekie ontslae te raak.
- **Iris se knieë knak nie voor enige aantreklike man nie** en daarom beïndruk Frederik se plakkaatvoorkoms haar maar min.
- **Iris verkies om die hede te ontduik deur in haar verbeeldingswêreld te leef**, want dit bied baie meer opwinding.
- **Aangesien Iris nie tevrede is met alles wat die werklikheid bied nie**, skep sy verbeeldingsvlugte en 'n Engel sodat sy kan ontsnap na 'n interessanter wêreld.
- **Sy hanteer verhoudings nie soos die tipiese meisie wat 'n emosionele ervaring wil hê nie**, maar verkies om slegs fisiek betrokke te raak.
- **Iris is nie beroepsgerig en gedrewe nie**, maar verkies om eerder by dokter Anders te werk omdat sy nie wil hê die werklikheid moet haar verbeeldingsvlugte onderbreek nie.
- **Iris stel alles in haar lewe ondergeskik aan die een groot blomoomblik in haar lewe**, want sy glo dat 'n mens net een kans op ware geluk het.
- **Els is nie die konvensionele ma wat haar dogters liefdevol grootmaak nie**, maar hierdie taak word grootliks aan Johanna oorgelaat.
- **Els word eerder deur haar kinders grootgemaak**, want hul wys haar op baie dinge wat sy moet doen.
- **Els is nie die tipiese ma wat 'n goeie kok is nie** en is eintlik dankbaar wanneer die aandete aan die gaar raak was.
- **Els verkies dit om tyd in die tuin deur te bring** eerder as om die tradisionele take van 'n ma te verrig.
- **Els maak haar kinders ietwat liberaal groot** aangesien sy nie in hul pad staan wanneer hul op jong ouderdomme verhoudings aanknoop nie.
- **Els tob nie oor haar dogters se sedes nie** en deur stil te bly of hul nie aan te spreek nie, aanvaar sy hul optrede.

- **Els is nie georganiseer en in beheer van haar huishouding nie**, want sy kom verstrooid voor.
- **Els is nie die tradisionele ma wat alles volgens die boek doen nie**, maar sy is eerder baie eksentriek in haar benadering tot die lewe.
- **Els is baie onkonvensioneel in haar hantering van misdaad**, want sy help die boef by die tuinhekkie uit.
- **Els is beslis alternatief**, want sy sluit op die plaas by Die Spieël aan.
- **Johanna is nie slegs die huishulp nie**, maar maak die dogters groot.
- **Johanna speel nie net 'n ondersteunende rol in die huis nie**, maar neem verantwoordelikheid vir pligte wat eintlik die ouers s'n is.
- **Johanna lyk nie soos die tipiese huishulp van daardie era nie**, maar lyk deftiger as sommige van Elsa se tantes by haar troue.
- **Johanna weier om die tradisionele rol van die huishulp in te neem** deur te weier om die dogters "kleinmies" te noem.
- **Johanna se hulp in die huis is nie beperk tot huistake nie**, maar sy bied emosionele ondersteuning aan die dogters.
- **'n Mens sou nie verwag die Johanna rassisties optree nie**, maar sy noem Claude 'n 'klong' en is skepties oor Kara se verhouding met dié Fransman.
- **Johanna is nie versigtig vir haar werkgewer nie**, maar manipuleer Pa eerder om haar sin te kry.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG – Die kwart-voor-sewe-lilie – Eleanor Baker

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	'n Dief het by Iris-hulle ingebreek./n Dief het die televisie probeer steel. ✓	1
7.2	Verstrooid ✓ Ma het die amptenare by Binnelandse Sake deurmekaar gehad met die inligting omtrent Johanna vir die pas wat sy moes dra. ✓	1 1
7.3	Eerstepersoonsverteller ✓ Die verteller laat die leser beseft dat Iris 'n storie so gemaklik/lekker vertel dat sy maklik afdwaal van wat sy eintlik wil sê./ Die leser beseft dat Iris se gedagtes afdwaal terwyl sy 'n storie vertel./ Dit word vir die leser beklemtoon dat Iris se gedagtes rondspring/nie altyd georden is nie. ✓	1 1
7.4	Claude is nie-blank/swart. ✓ Rassisme ✓ Ma ignoreer die pas wat Johanna moet dra met vaagheid./ Iris verwys spottend na Suid-Afrikaners as rassiste./ Johanna waarsku Iris teen die Negers in die VSA./ Iris se gesin het geen vooroordeel teen anderskleuriges nie./ Iris is nie bang om saam met Billy te ry nie./ Billy, 'n nie-blanke, is die eerste persoon wat werklik na Iris luister. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman aan.</i>	1 1 2
7.5	(Hiper) prakties ✓ Ja, toe sy 'n drieling verwag, het sy haar praktiese ingesteldheid eeffe verslap./ Haar huis was later ook deurmekaar. ✓ <i>Die kandidaat bied enige EEN motivering uit die roman aan.</i>	1 1
7.6	Hannes sê wat moontlik tot 'n probleem in Kara en Claude se verhouding kan lei, maar hy knoop self later 'n buite-egtelike/onbehoorlike verhouding met 'n student aan./veroorzaak ook probleme in sy eie huwelik. ✓ <i>Die kandidaat moet albei kante van die ironie noem vir EEN punt.</i>	1
7.7	Iris is baie jonger as haar twee susters. ✓ Iris se ma beskou haar by geboorte al as anders./ Iris se ma is by haar geboorte onseker of sy haar hoor skree het./ Iris voel dat niemand in die gesin na haar luister nie./ Iris hoor sy was eintlik 'n glips./ Iris het nie soos haar susters 'n familienaam nie./ Iris voel soos die Aspoestertjie in haar gesin./ Iris se pa was nie by toe sy gebore is nie. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman aan.</i>	1 2

7.8	Vermont / Iris en Peter se slaapkamer in die houthuis in Vermont. √	1
7.9	Die fiktiewe Peter bied aan Iris die moontlikheid om van die werklikheid te ontsnap./help Iris om deur fantasie vraagstukke vir haarself uit te werk./laat Iris dinge doen wat sy nog nie in die werklike lewe gedoen het nie. √ Die werklike Peter bied aan Iris die moontlikheid om van haar fantasiewêreld afstand te doen en die werklikheid te geniet./anker Iris se werklikheid vir haar./laat Iris beseft dat daar nie slegs een groot blomooimblik in die lewe hoef te wees nie. √ Dit is Peter se teenwoordigheid in Iris se lewe wat haar laat beseft dat die lekker van die hier en die nou nie durf ignoreer word nie./Peter laat Iris afstand doen van haar hunkering na een groot droomooimblik deur met haar te trou. √	1 1 1
7.10	Ek sou hom by die realiteit plaas, want hy beskerm Iris./sy kan met hom praat./sy kan hom sien./sy sê vir haar is hy werklikheid. OF Ek sou hom by haar verbeeldingsvlugte/fantasie plaas, want die motto sê reeds dat 'n mens baie dinge in die roman met 'n knippie sout moet neem. √ <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.</i>	1
7.11	Die motto help dat die leser die humor in die onderstreepte gedeelte raaksien./dat die leser beseft om nie alles ernstig op te neem nie. √ Beskermengel/Geselsgenoot/Raadgewer/Gee Irisse selfvertroue 'n hupstoot/ Tree as Iris se gewete op/Hy help haar om tot belangrike insigte te kom. √ Die Engel het Iris gehelp om nou aan die werklikheid te dink/in die werklikheid te leef. √	1 1 1
7.12	Die Engel se hand √ Die Engel het Iris kom roep omdat Bettie siek is./kwansuis gif gedrink het. √	1 1
		[25]

OF

VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL – Manaka Plek van die Horings – Pieter Pieterse

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Baas is aanvanklik baie hardkoppig en trots** en betaal vooruit vir die konsessie vir Manaka en maak dan reg vir die Zanbezi-tog.
- **Hy raak gou “baie kwaai” as mense hom probeer help** soos toe Grace hom tydens sy malaria-siekte bygestaan het.
- **Die inwoners is skrikkerig vir Baas**, want niemand is bereid om na sy huis toe te gaan nie.
- **Hoewel Baas baie goeie bedoelings gehad het**, is dit sy “goeie bedoelings” wat sy “ondergang” geword het.
- **Hy wil nie deur die plaaslike inwoners as Christen bestempel word nie** en maak daarom beswaar as ouma Essie na hom as een verwys.
- **Hy raak na sy siekte baie kwaad**, want hoewel hy niks meer het om te gee nie, kom soek almal medisyne by hom.
- **Baas maak dit baie duidelik dat hy nie verantwoordelik is vir almal se skete en kwale nie** omdat hy ook 'n lewe het en net na homself wil omsien.
- **Baas gee nie met 'n oop hart nie** en is baie bewus dat die geld wat hy vir Grace gee vir nog pille die laaste van sy fondse is.
- **Baas bly deurentyd hardkoppig** en weier om te gaan toe die stampolisieman opdaag om hom na die khuta te ontbied.
- **Hy is kortaf en ongeskik** wanneer hy nie in Grace se uiteensetting van haar familie belangstel nie.
- **Hy het nie respek vir ander se menings nie**, want hy jaag Grace weg as sy met hom wil redeneer.
- **Hy betoon ook nie dankbaarheid teenoor ander nie** en jaag meneer Johnnie weg wanneer hy met die werk in die kamp kom help.
- **Baas wil nie hoor dat hy Manaka toe “gestuur” is nie**, want hy meen hy is daar “op sy eie” en hy sal sy eie probleme oplos.
- **Baas verkies om nie te reageer nie** wanneer hy niks het om te sê nadat die khuta hom beskuldig nie.
- **Dit is vir Baas duidelik dat hy nie vir die plaaslike inwoners saak maak nie** en staan daarom tydens die vergadering met die khuta op en stap weg.
- **Baas wil niemand help nie** en vererg hom wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik.
- **Baas wil nie verhoudings met mense aanknoop nie**, want hy wil nie sendelinge op sy erf hê nie./hy sê vir Nanna hy kom goed klaar sonder geselskap.

- **Alhoewel Baas die ou vrou se begrafnis bywoon**, staan hy eenkant.
- **Baas worstel met sy eie innerlike konflik**, want hy wil niemand versorg nie, want dit sal beteken dat hy vir ander mense op Manaka omgee.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Derdepersoonsverteller ✓	1
	Die verteller skets vir die leser die ruimte/geografiese agtergrond. ✓	1
	Die beskrywing van die karakter se ervaring is objektief./ Die verteller is altyd teenwoordig./ Die verteller weet wat die karakter dink/doen. ✓	1
9.2	Hy moes vir die staatsmuseum skoenlappers in Afrika gaan vang. ✓	1
	Kanada ✓	1
9.3	Dit was in die tyd wat die roman afspeel die gepaste aanspreekvorm vir 'n persoon in gesag./Seuns en kleinseuns dra volgens tradisie hul oupa se noemnaam. ✓	1
9.4	Die worsboom bied aan die gemeenskap 'n byeenkomplek./Daar is Sondae onder die boom kerk gehou./ ✓	1
	Die worsboom raak die sentrale plek waar leer kon plaasvind./Die kinders het onder die boom gesit vir skool. ✓	1
9.5	Ja. Hy het 'n sendingstasie opgerig. Hy het die rivier gekarteer.	
	OF	
	Nee. Daar is geen werklike uitbreiding nie. ✓	1
	Malaria is steeds 'n werklikheid. ✓	1
	Baas wil 'n boot op die Zambezi hê waarmee hy toeriste aan Afrika kan blootstel. ✓	1
	Nee. Hy het wel die boot gebou, maar die rivier het hom weggespoel. ✓	
	OF	
	Ja. Die suggestie bestaan dat met die kry van die boot en Grace wat saamstap, voorspoed wag. ✓	1
9.6	Sy is 'n Christen. ✓	1
	Sy wil Baas laat verstaan dat hy met 'n spesifieke doel na Manaka gestuur is om hul te help./Sy is die stem van geregtigheid wat Baas wil aanmoedig om sy Christenskap te aanvaar en uit te leef. ✓	1

9.7	Ouma Essie kom vra Baas se hulp om die pale aan te ry. √	1
9.8	Die bosoerog in Suid-Rhodesië/ Die verloor van die plaas/ Ouma Essie en Grace wat sê hy is 'n Christen. √√ <i>Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i> Baas kon nie vrede vind nadat sy ouers deur rebelle vermoor is nie. √	2 1
9.9	Baas ontken die heelyd dat hy 'n Christen is, maar sy optrede getuig van Christenskap. √ <i>Die kandidaat bied albei kante van die ironie aan vir EEN punt.</i>	1
9.10	Toe Baas na sy ouers se dood terugkeer plaas toe, is hy alleen met net sy hond./ Van kleins af is hy voor die ander uit wanneer hulle gaan jag het./ Hy raak gou verveeld met sy werk by die saagmeule en gaan jag eerder alleen met sy hond./ Sy denke is 'noordwaarts' gerig en nie 'suidwaarts' na die 'beskawing' toe nie. Hy koop 'n motorboot en sleepwa en reis alleen verder met sy twee honde./ Hy het sy eie idee van wat toeriste in Afrika behoort te beleef; nie in hotelle nie, maar afgesonder in hutte tussen die plaaslike inwoners. √√√ <i>Die kandidaat bied enige DRIE bewyse uit die roman vir EEN punt elk aan.</i>	3
9.11	Sy oupa tree mensliwend op en wil sy Christenskap met die inwoners deel, terwyl Baas hier nie mensliwend optree nie en veg teen die feit dat hy 'n Christen is. √	1
9.12	Die mens staan in 'n belangrike en verantwoordbare verhouding tot die natuur/ tot mekaar/die aard van ware geloof. √ Ons moet mense volgens hul dade, en nie volgens woorde/verkleur/agtergrond nie, oordeel. √	1 1
		[25]

VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL – *Vatmaar* – AMJ Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie ervaar verlies** omdat haar lewensmaat, Heinrich, in die oorlog sterf.
- **Tant Wonnie ervaar ook die hartseer van verlies** toe haar ses kinders in die Groot Griep sterf.
- **Tant Wonnie sukkel voort in armoede na Heinrich se dood** omdat sy nie wettiglik met hom getroud was nie en nie geregtig was op sy oorlogspensioen nie.
- **Tant Wonnie ervaar vernedering as vrou terwyl sy op Schoongesicht werk** omdat Piet de Bruin haar teen haar wil probeer verkrag en haar van haar menswees wil ontnem.
- **Tant Wonnie is na haar liefdeswerk by Sannah Vosloo slegter daaraan toe as voor sy Schoongesicht toe is** omdat haar huis leeg gesteel is toe sy terugkeer na Sannah se dood.
- **Tant Wonnie ervaar lyding wanneer ander mense haar kind vat om te gaan werk**, want Anna de Bruin het Kaatjie gevat en vir mevrou Bosman as kinderoppasser gegee.
- **Tant Wonnie word van diefstal beskuldig en daarvoor in hegtenis geneem** omdat Settie September sê dat sy haar ring gesteel het.
- **Tant Wonnie ervaar vernedering as sy in hegtenis geneem word** omdat sy geboei word en voor die polisieman op sy perd na die polisiekantoor moet stap.
- **Tant Wonnie word ook verneder toe Piet de Bruin haar op sy vragmotor laai en die langste pad na die polisiekantoor toe ry** omdat hy haar wou terugkry.
- **Tant Wonnie se goedheid word uitgebuit deur Settie en Johnny September** as sy vir hul rit na Vatmaar betaal.
- **Tant Wonnie word deur Settie September as heks uitgemaak** omdat sy blykbaar die magistraat voor die uitspraak, en haar en haar man uit die kapkar, getoor het.
- **Tant Wonnie verloor haar sewende kind as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaatjie se swangerskap** omdat dit uitloop op 'n mislukte poging tot 'n aborsie, tronkstraf en haar dood tydens die geboorte.
- **Tant Wonnie ervaar vernedering omdat haar intieme briewe van Heinrich met die gemeenskap gedeel is** nadat Maria Jacobs dit vir Tant Wonnie moes lees en alles wat daarin staan uitgeblaker en die inhoud aangedik is.
- **Tant Wonnie het ten spyte van die gemeenskap se beskuldiging dat sy 'n dief is**, haar nie laat onderkry nie.

- **Tant Winnie vind haar vertroosting vir die vernedering** omdat sy vasklou aan haar man, Heinrich, se woorde op 'n poskaart.
- **Tant Winnie omskep haar negatiewe omstandighede in iets positiefs** omdat sy sê sy nou weet waar om God te vind.
- **Tant Winnie ondergaan 'n versterking van haar geloof ten spyte van haar swaarkry** toe sy in haar tronksel alles in Sy hande oorgee.
- **Tant Winnie ontvang vergoeding vir haar vernedering om in die hof te staan** as die magistraat haar onskuldig bevind.
- **Tant Winnie se waardigheid word na haar vrypraak herstel** omdat die oorlogspensioen wat sy met behulp van die magistraat ontvang, haar in staat stel om nie meer ander mense se wasgoed hoef te doen nie.
- **Tant Winnie slaag daarin om die Septembers terug te kry vir hul minagting van haar** as sy en Suzan hulle by die kapkar uitstamp.
- **Tant Winnie is gebroke oor Norman se dood**, want sy besef sy het hom al die tyd liefgehad.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

[25]

OF

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG – *Vatmaar* – AMJ Scholtz

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Ma Khumalo het Norman in haar huis ingenooi./Norman het die vorige aand saam met haar gebid. ✓	1
11.2	Ons is ma en kind./Ons hoort bymekaar./Ons is familie. ✓	1
11.3	Eerstepersoonsverteller ✓ Die leser kry 'n duidelike idee van die verteller (Norman) se liefde vir Ma Khumalo. ✓ Hierdie soort verteller bied 'n eerlike/direkte/getroue/geloofwaardige vertelling aan die leser. ✓	1 1 1
11.4	Liefde oor die grense heen ✓ Oupa Lewies is baie lief vir sy swart vrou./ Suzan troos vir Nellie Ndola./ Oom Chai en Oupa Lewies omhels mekaar en huil saam. ✓✓ <i>Die kandidaat bied TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i>	1 2
11.5	Norman word deur sy eie mense (witmense) verstoot, maar Ma Khumalo, die swart vrou, aanvaar hom. ✓ <i>Die kandidaat moet albei kante van die ironie noem vir EEN punt.</i>	1
11.6	Trots (op haar werk)/Konsensieus/Netheid ✓ Sy verwelkom Mary met ope arms in haar huis. ✓	1 1
11.7	Hy word as <i>wit boer</i> uitgejou. ✓ Nee. Hy het later 'n paar stewels/klere as vergoeding gekry./ Hy word later as bode/posman aangestel. ✓ Ongeregtigheid/Onregverdige optrede teenoor ander hou altyd nagevolge in. ✓ <i>Die leerder formuleer 'n eie boodskap uit hierdie voorval vir EEN punt.</i>	1 1 1

11.8	Die gebod behels dat enigeen vry is om iets na willekeur te vat waar die eienaar nie teenwoordig is nie. ✓ Sy neem/'vat' Kaaitjie as bediende sonder Tante Wonnie se toestemming. ✓	1 1
11.9	Sy buit Kaaitjie uit./tree onregverdig teenoor Kaaitjie op./Sy tree diskriminerend teenoor Kaaitjie op. ✓ Ja. Die blanke mense het in daardie tyd/in daardie omgewing so met nie-blankes gepraat./so met nie-blankes omgegaan. ✓ <i>Die kandidaat kan nie NEE vir 'n antwoord aanbied nie.</i>	1 1
11.10	Tante Wonnie ervaar verlies omdat haar lewensmaat, Heinrich, in die oorlog sterf./toe haar ses kinders in die Groot Griep sterf./ Tante Wonnie ervaar vernedering omdat Piet de Bruin haar teen haar wil probeer verkrag en haar van haar menswees wil ontnem./ Tante Wonnie se huis is leeg gesteel toe sy terugkeer na Sannah se dood. ✓✓✓ <i>Die kandidaat bied enige DRIE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i> Tante Wonnie ondergaan telkens 'n versterking van haar geloof wanneer sy lyding ervaar. ✓	3 1
11.11	Lafaard/skrikkerig ✓ Hy is bang as hy Tante Wonnie kwaad maak dat sy, sy vrou van sy poging tot verkragting sou vertel. ✓	1 1
11.12	Haar huis is geplunder. ✓	1
		[25]

VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL – *onderwêreld* – Fanie Viljoen

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Greg verloor sy broer en rolmodel**, want die druk wat deur hul pa op hom geplaas is, het sy tol geëis en hy het selfmoord gepleeg.
- **Dit is vroeg in die roman reeds duidelik dat Greg sy pa 'verloor' het** aangesien hy hom druk om te presteer en Greg nie meer enige respek vir hom het nie.
- **Greg se ma se vrese dat sy nog 'n kind kan verloor is 'n wesenlike probleem** aangesien sy besef dat haar man ongelooflike druk op Greg plaas.
- **Greg se ma verloor eindelijk nie haar seun nie, maar haar man** wanneer sy misdade aan die lig kom.
- **Greg-hulle se gesinsdinamika het verdwyn**, want liefde is nie werklik teenwoordig nie – eerder 'n ongesonde disfunksionaliteit.
- **Eckardt verloor sy pa deur Greg se pa se toedoen**, want hy pleeg selfmoord as gevolg van sy skuldgevoel oor sy aandeel in Greg se pa en Dokter Pienaar se misdrywe.
- **Greg en Eckardt ontwikkel 'n besondere band en vriendskap, maar dit gaan verlore** wanneer Eckardt onthul dat hy Greg slegs gebruik het in 'n poging om sy pa en dokter Pienaar aan die pen te laat ry.
- **Greg verloor sy selfvertroue en vertrou in mense** wanneer hy besef Eckardt was nie opreg in sy vriendskap nie.
- **Wanneer Eckardt geheimsinnig verdwyn, is dit vir Greg 'n skok en teleurstelling**, want hy het in hom al meer van sy oorlede broer ervaar.
- **Greg verloor sy waardes in 'n poging om Eckardt op te spoor**, want hy raak betrokke in die donker onderwêreld van kuberkrakery.
- **Greg verloor ook sy integriteit en verval in leuens** omdat hy later nie kon loskom uit die onderwêreld nie.
- **Greg verloor sy vriende en sy plek in die sportspan**, want hy verwyder hom grootliks op sosiale vlak en weier om verder op sportvlak te kompeteer.
- **Greg verloor ook die respek van sy vriende en mede-skoliere**, want hy word later in die roman as 'n teleurstelling en verloorder beskryf.
 - **Greg se vryheid is aan bande gelê deur die feit dat hy in die koshuis is** en hul nie met enigiemand oor die verdwyning van Eckardt mag praat nie.
 - **Greg loop die risiko om sy vryheid te verloor as hy as kuberkraker uitgevang word**, maar hy gooi sy waardes oorboord wanneer die onderwêreld roep.
 - **Greg verloor eindelijk sy privaatheid** wanneer die polisie van sy bedrywighede bewus raak.
 - **Greg verloor sy ware identiteit wanneer hy sy skuilnaam G-4ce begin uitleef** en so opgevang in die wêreld van kuberkrakery raak.

- **Greg het eindelijk sy menswaarheid verloor** toe hy besef dat Eckardt hom gruwelik om die bos gelei het.
- **Greg se wêreld tuimel verder ineen wanneer hy die een is wat sy pa se geheime aan die lig laat kom** en dus die rede is waarom sy pa vervolg sal word.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG – onderwêreld – Fanie Viljoen

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Dit is die naam van die hoofstuk wat in rekenaarformaat geskryf word. ✓	1
13.2	Eerstepersoonsverteller ✓ Die soort verteller bied 'n eerlike/opregte/direkte/getroue weergawe. ✓ Die verteller bied aan die leser 'n kykie in die doen en late van die hoofkarakter./bied aan die leser die idee dat die hoofkarakter ongenaakbaar teenoor juniors kan optree./bied aan die leser die hoofkarakter se denke rondom die res van die kwartaal. ✓	1 1 1
13.3	Trappers ✓ Nee Greg is ongenaakbaar./gemeen./onvolwasse./magsbehep. ✓	1 1
13.4	Ja, die taal is baie gepas aangesien dit tieners is wat aan die woord is./tieners so praat deesdae. OF Nee, nie alle tieners meng hul taal nie, so dit is nie vir die karakters nodig om so te praat nie. ✓	1
13.5	Ekk-0 is Eckardt se kuberkraker-skuilnaam./onderwêreldskuilnaam./ skuilnaam wanneer hy besig is met kuberkrakery. ✓ Die is die eggo/terugdink/herinnering aan die onderwêreld wat die kuberkraker vasgevang hou by dié bedrywighede./Die karakters kan nie loskom uit die kloue van die onderwêreld nie juis omdat dit hul gedagtes oorneem./Antwoorde op vrae bly ontwykend – is soos eggo's uit die onderwêreld. ✓ Eckardt laat Greg baie dink (hy eggo) aan Greg se broer, John. ✓	1 1 1
13.6	Hy is waarskynlik besig om inligting omtrent Greg/Dok Pienaar en Greg se pa te soek. ✓	1

13.7	<p>Eckardt se pa is oorlede./het selfmoord gepleeg. ✓</p> <p>Eckardt het net met Greg bevriend geraak om inligting omtrent sy pa en Dok Pienaar te soek./om wraak te neem omdat Greg se pa vir sy pa se selfmoord verantwoordelik was./Eckardt se vriendskap met Greg was net 'n groot 'social engineering attack'. ✓</p> <p>Ja. Hy wou hom wreek omdat hy hartseer is oor wat met sy pa gebeur het.</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Hy en Greg het werklik goeie vriende geraak, so dit was dalk moeilik vir hom om hom in die steek te laat. ✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i></p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>
13.8	<p>Greg het so pas 'n verklaring by die polisiestatie afgelê oor alles wat hy omtrent Dok Pienaar en sy pa uitgevind het. ✓</p>	1
13.9	<p>Die stemming hier is gelaai met spanning/angstigheids/onsekerhede terwyl die stemming in die vorige uittreksel gemaklik/informeel/rustig/onspanne is. ✓</p> <p>Dok Pienaar is so pas ontbloot as 'n skurk./Die intrige het nou 'n krisis/hoogtepunt bereik. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>
13.10	<p>Dok Pienaar is in die res van die verhaal baie gereserveerd./tree korrek op./is formeel in sy optrede. ✓</p>	1
13.11	<p>Innerlike konflik ✓</p> <p>Ja. Greg moes die waarheid laat uitkom sodat die skuldiges gestraf kon word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Greg moes nie by die onderwêreld van leuens betrokke geraak het in sy poging om by die waarheid uit te kom nie, maar moes dit eerder op 'n wettige manier opgelos het.</p> <p>Dok Pienaar en sy pa het beplan om 'n nuwe virus te kweek./ Dok Pienaar en sy pa sou dié nuwe virus dan ook versprei./ Dok Pienaar en sy pa het beplan om geld te maak uit die griepentstof wat hulle sou vervaardig. ✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige TWEE waarhede uit die roman vir EEN punt elk.</i></p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>2</p>

13.12	Die wêreld van kuberkrakers en die manipulering van data kan verreikende gevolge inhou. √ Kuberkrakery/Die onderwêreld sal my intrek sodat ek deel raak van 'n netwerk van leuens en valsheid. √ <i>Die kandidaat formuleer 'n eie gepaste boodskap binne konteks van die verhaal.</i>	1 1
		[25]

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL – *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die drama speel op die Kaapse Vlakte af**, want die mense het deur gedwonge verskuiwings uit plekke soos Distrik Ses en Claremont op die Vlakte beland.
- **Die Kaapse Vlakte word as 'wasteland' voorgestel**, want dit is 'n troostelose plek waar die suidooster op sy ergste waai.
- **Die wind wat waai is beskrywend van die ongunstige omstandighede op die Vlakte** en wanneer Blance en Map aan die einde van die drama in omhelsing staan, word die wind beskryf wat wáái en blý waai.
- **Die meer spesifieke ruimte is die township**, want die woonbuurte van die Kaapse Vlakte word townships genoem.
- **Tipies van die township is die lewendige straattonele en die straatgeraas**, en dit bied aan die leser 'n getroue kykie in die lewe van dié gemeenskap.
- **Tipiese elemente wat ruimte aandui word vir die leser beskryf**, soos die Kersorkes wat lank voor Kersfees aan die oefen is en die kerrimspelers wat op 'n konka dié bodspeletjie speel.
- **Spesifieke karakters gee lewe aan die ruimte**, want hul raak tipies van die soort mens wat hier raakgeloop word. Tommy Sobotker wat smous is 'n goeie voorbeeld.
- **Die karakters is nie positief omtrent die omgewing nie** en La Guma noem die strate "sement strippies".
- **Die huise is klein en onbehoorlik ingerig**, want die "flats" en "council-hyse" word deur La Guma as "match box op match box" genoem.
- **Die blokke en blokke grys woonstelle is kenmerkend van die Kaapse Vlakte** en sluit aan by die troosteloosheid.
- **Die mense probeer die uitsigloosheid van hul bestaan besweer**, want hul verf hul grys huisies in helder kleure.
- **Die woonstelle simboliseer vir die gemeenskap die onreg wat hulle deur die apartheidsregering aangedoen is**, want hulle voel ingeperk en sonder 'n eie identiteit.
- **Die township word as gevaarlike omgewing uitgebeeld**, want moord en verkragting vind plaas.
- **Die trein word in die drama as 'n verbinding met die buitewêreld uitgebeeld**, maar dit raak negatief, want dit reis teen 'n spoed deur die township en veroorsaak eindelijk Cavernelis se dood.

- **Die tronk word as 'n sombere, neerdrukkende ruimte beskryf**, want hier is die skuldige Map Jacobs besig om vergifnis te soek.
- **Map se gevangenskap word later simbolies**, want dit veronderstel 'n hele gemeenskap se gevangenskap.
- **Dit is tog in die tronk dat Map vir Apostel George ontmoet** wat hom na heling probeer lei.
- **Dit is in die tronk dat Map sy ma se vergifnis soek**, maar sy is aanvanklik nie gereed vir die vergifnis waarna haar seun so smag nie.
- **Die 'social worker', Miss Africa, help in die tronk vir Map om 'n nuwe mens te word**, want sy bespreek moontlike geleenthede vir wanneer hy vrygelaat word.
- **Die hele ruimte bly egter 'n tronk**, want die inwoners voer 'n uitsiglose bestaan waaruit hul nie kan ontsnap nie.
- **Die inwoners voel vanweë die apartheidsbeleid vasgekeer**, want hul het geen vooruitsigte vir 'n beter toekoms nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG – *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Die woord <i>Geluide</i> laat die leser verstaan waarna Map in reël 2–3 verwys./Die toneelaanwysing gee betekenis aan Map se woorde in die volgende reëls. ✓	1
15.2	Map het moord gepleeg en is tronkstraf opgelê./Map probeer sy ma in die tronk oortuig dat hy 'n gerehabiliteerde/veranderde man is. ✓	1
15.3	Nee. Map kon nie werk kry nie./ Die Kersorkes wou hom nie as lid terugneem nie./ Die gemeenskap het hom nie met ope arm terug verwelkom nie. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE bewyse uit die drama vir EEN punt elk aan.</i>	2
15.4	Map aarsel/is senuweeagtig/is aangedaan. ✓ Ma se stilswye beteken sy is nog nie gereed om Map te vergewe nie/oortuig van die verandering in Map se karakter nie/sy hou haarself nog gevange van die vryheid wat vergifnis sou bring. ✓ Toe Map aan die einde van die drama in boetedoening voor sy ma kniel/toe die spanning op die spits gedryf is/nadat Map en Blanchie vergifnis in mekaar se arms gevind het, het Map se ma eindelijk by die punt van vergifnis uitgekom. ✓	1 1 1
15.5	Map glo die lede van die Kersorkes is goeie mense wat hom weer sal aanvaar, maar hy is nie welkom om weer deel van die orkes te word nie./Hulle is nie vergewensgesind nie. ✓ <i>Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.</i>	1
15.6	Die implikasie bestaan dat Map tog bekeer is./verander het/gerehabiliteer is./hom nie op die gemeenskap sal wreek nie. /die volmaakte lewe gaan lei. ✓ Apostel George ✓ Hy bly baie lief vir Blanchie./Dit is Blanchie se vergifnis wat hy graag wil hê omdat hy so lief is vir haar. ✓	1 1 1

15.7	<p>Cavernelis het nie daarvan gehou dat 'n gevreesde bendeleier met sy dogter uitgaan nie./Hy kon moontlik in haar pad staan om 'n modelkontrak te aanvaar. ✓</p> <p>Cavernelis wou graag sy gesin uit die township kry./'n Beter lewe vir hom en sy gesin buite die Kaapse Vlakte verseker. ✓</p> <p>Nee Hy het gesterf/selfmoord gepleeg voordat hy uit die township kon ontsnap. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>
15.8	<p>Die verteller skets vir die leser die ruimte/die agtergrond van die gebeure wat volg/wys dat die Cavernelisse (Blanchie hier) vanuit die hoogte af kyk op die gebeure onder in die straat. ✓</p>	1
15.9	<p>Ja. Map was 'n gevreesde bendeleier en dis verstaanbaar dat dit moeilik is om te glo dat so 'n karakter binne sewe jaar kan verander.</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. La Guma moes Map die voordeel bo die twyfel gegee het/besef het dat sewe jaar 'n lang tydperk is vir selfs die mees geharde misdadiger om sy lewe te verander. ✓</p> <p>Hy is 'n selfaangestelde segsman./kommentator./politieke aktivis. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>
15.10	<p><i>Frustrasie/Ferm/onbedagsaam/geïrriteerd</i> ✓</p> <p>Vroeër in die drama is Cavernelis 'n vredeliewende/effe patetiese/sagmoedige/versigtige/bedagsame karakter. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>
15.11	<p>Uitgeworpenheid/Uitgelewerdheid/Gedwonge verskuiwings ✓ (Soeke na) Identiteit ✓</p> <p>Die tatoeëermerke is deel van die kaart van Map se lewe./is bewyse wie Map is of waar hy vandaan kom./is 'n bewys van sy soeke na identiteit. ✓</p> <p>Ja. Hy het die vergifnis van Blanchie en sy ma gekry/daar is genoeg bewyse dat Map 'n weer nuwe, skoon lewe, vry van die verlede se ongelukkighede, kan begin.</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Die politieke omstandighede (apartheid) sal dit nie vir Map moontlik maak om waarlik terug te keer na sy ou self nie. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>
15.12	<p>Dit is die apartheidsbeleid/wet waardeur nie-blankes gedwing is om na die Kaapse Vlakte te verskuif. ✓</p> <p>La Guma skep 'n negatiewe/angswekkende/gelaaide/pessimistiese stemming terwyl TEKS G se stemming gedra/rustig/positief/opbouend/entoesiasies/optimisties is. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>
		[25]

VRAAG 16: LITERÊRE OPSTEL – Mis – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die woord “mis” is baie in hierdie drama baie insiggewend**, want dit sluit by verskeie hoofmotiewe van die drama aan.
- **Die gehoor raak in die uiteensetting bewus dat mis 'n lewensaar is**, want Miem en Meisie is in hul armoedige sinkhuisie besig om goingsakke aan mekaar te werk en met mis te vul.
- **Die sakke mis word 'n bron van inkomste**, want die sakke, gevul met beesmis, perdemis of varkmis word verkoop.
- **Die stank van die mis veroorsaak dat die vroue 'n mislike bestaan voer**, want die stank is onuithoudbaar.
- **Die mis vervreem die vroue van die res van die gemeenskap**, want Meisie vertel aan die konstabel dat sy nie gewoon is aan mense nie omdat hulle weens die stank van die mis geen besoekers ontvang nie.
- **Die mis het egter vir Meisie nie nê negatiewe gevolge nie**, want sy erken dit “hou ons aan die lewe”.
- **Die karakters se lewe word deur die mis gereël**, want hulle moet vroeg ontstaan omdat die besending vroeg gelaai word.
- **Menslike ontlasting is ook in die drama ter sprake**, want daar word gelees van Gabriël wat elke dag die slopemmer na onder laat sak.
- **Mis sluit ook by die motief van blindheid aan**, want die vroue het dit mis oor die konstabel se edel bedoelings.
- **Gabriël het dit ook mis**, want hy dink hy kan die lewe ontsnap deur homself op 'n solder terug te trek.
- **Mis kan ook op mistigheid dui**, want die karakters se insig in ander karakters en die lewe word versper.
- **Mis word fisies uitgebeeld in die drama**, want twee meisies word vermis.
- **Die konstabel beklemtoon die misgedagte** wanneer hy sê hy werk met vermiste mense.
- **Meisie staan sentraal in die misgedagte**, want die drama is gerig op haar verdwyning.
- **Die verlange-gedagte van mis word in die drama betrek**, want Miem mis haar man wat hom op die solder isoleer.
- **Gertie word ook by die misgedagte betrek**, want sy mis seksuele vervulling in haar lewe.
- **Meisie is verlangend**, want sy soek 'n ridder wat haar uit haar mislike omstandighede sal wegvoer.
- **Die titel het ook 'n godsdienstige inslag**, want dit herinner aan die Rooms-Katolieke Mis.

- **Die vrou neem die konstabel in hul vertroue**, want hul bieg teenoor hom soos teenoor 'n Rooms-Katolieke priester.
- **Miem en Meisie benader die konstabel ook as priester** wanneer hulle bely dat hul die vreugde van 'n sirkusbesoek en hunkering na 'n man se lyf mis.
- **Die gereelde verwysing na die woord *mis*** dien eindelijk as bindmiddel in hierdie drama.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 17: KONTEKSTUELE VRAAG – Mis – Reza de Wet

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Meisie is nie skaam nie./Meisie waag iets wat sy nie gewoonlik sou doen nie./ Meisie is rebels./nie onderdanig nie./avontuurlustig./steek die grense van gehoorsaamheid oor. √√ <i>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	2
17.2	Mistroostigheid/(naderende) onheil √	1
17.3	Die sirkus raak vir Meisie 'n simbool van (moontlike) bevryding/verlossing/n ontsnappings uit haar saai bestaan. √ Miem beskou die sirkus as simbool van die bouse/dekadensie. √ Gertie beskou die sirkus ook as 'n opwindende bevryding uit haar oujongnooibestaan, maar sal dit nooit hardop teenoor Miem erken nie. √ Die konstabel omtower homself aan die einde van die drama tot 'n hofnar. √	1 1 1 1
17.4	Monoloog √ Die verteller bied aan die leser 'n besondere kykie in Meisie se gedagte-wêreld./bied aan die leser 'n geleentheid om die ware Meisie beter te leer ken./bied aan die leser 'n geleentheid om Meisie se fantasiewêreld te betree. √ Die vertelling is geloofwaardig./eerlik./persoonlik. √	1 1 1
17.5	Meisie kon nie die misreuk/die vasgevangendheid ontsnap nie./ Dit kon nie Meisie se geluk/bevryding verseker nie. √	1
17.6	Aan die einde van die drama raak Konstabel soos die sirkusmeester wat 'n toertjie met Meisie uitvoer. √ Die saag dui daarop dat die konstabel Meisie ook gaan leed aandoen, soos die geval was met die twee ander vermiste meisies./Die suggestie bestaan dat Meisie se bevryding haar nie werklik gaan bevry nie. √	1 1
17.7	Dit is die einde van die drama waar Meisie fladderend by die deur gaan uitdans./Dit is die einde van die drama waar Meisie bevry word van haar vasgevangene bestaan. √	1
17.8	Manipulering √ Aangesien die konstabel 'blind' was, het hy Meisie kwansuis nie gesien nie/maar misgekyk./Meisie het gemis dat die konstabel hulle om die bos lei. √	1 1

17.9	'n wit aannemingsrok ✓ Dit beklemtoon die (moontlike) vryheid wat sy binnekort gaan smaak/dat sy nie verder aan bande gelê wil wees nie./n losbreek van die aardse werklikheid. ✓	1 1
17.10	Innerlike konflik ✓ Meisie is haar lewe lank deur haar ma voorgesê./verplig om sekere dinge nie te doen nie./ingeperk./streng beheer en nou kan sy hier na die musiek luister/na die sirkus toe gaan. ✓ Aangesien Meisie se ma streng gekant was teen die sirkus (musiek), is dit vir Meisie hier steeds moeilik om los te breek van die streng bande/dissipline/reëls waaraan sy haar lewe lank onderworpe was. ✓	1 1 1
17.11	Meisie word nou deur die sirkusmeester getoor./Meisie word die sirkusmeester se voorwerp/mens op wie 'n toertjie uitgevoer gaan word. ✓	1
17.12	Die ellips beklemtoon Meisie se onsekerheid./poging tot oorgee aan die situasie./aarseling. ✓ Meisie fladder skielik selfversekerd by die deur uit./Meisie breek los van haar benouende omstandighede. ✓ Ja. Meisie word eindelijk van haar neerdrukkende omstandighede <u>bevry</u> . ✓	1 1 1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 7 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie - Begrip van genre en gedig duidelik. 	<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van die onderwerp. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp. - Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie. - Onvoldoende begrip van genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Geen begrip van die onderwerp nie. - Geen verwysing na die gedig nie. - Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 3 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Samehangende struktuur. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. - Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry. 	<ul style="list-style-type: none"> - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument. - Vloei van argument kan gevolg word. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Enkele bewyse van struktuur. - 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel. - Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend - Toon en styl nie geskik nie. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur swak. - Ernstige taalfoute. - Foutiewe styl.
VERSPREIDING VAN PUNTE	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik 12–15	Knap 9–11	Gemiddeld 6–8	Elementêr 4–5	Onvoldoende 0–3
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Uitsonderlike respons: 14–15 - Uitstekende respons: 12–13. - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en teks duidelik. 	<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp; byna geen aspekte in detail ondersoek nie. - Min punte wat die onderwerp ondersteun. - Baie min relevante argumente. - Weinig begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Geen begrip van die onderwerp nie. - -Swak poging om die vraag te beantwoord. - Argumente oortuig nie. - Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Samehangende struktuur. - Uitstekende inleiding en slot. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Duidelike struktuur. - Logiese vloei van argument. - Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Enkele bewyse van struktuur. - Logika en samehang is duidelik, maar met foute. - Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas. - Paragrafering meestal korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend - Toon en styl nie geskik nie. - Paragrafering foutief. 	<ul style="list-style-type: none"> - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente. - Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk - Styl en toon nie geskik nie. - Paragrafering foutief.
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4